


# Wat maak jy hier?

## Ons word bewus…

Laat elke persoon gemaklik sit, hande oop op die skoot as ’n teken van oorgawe aan die Here. Sit vir 2-3 minute in bewuste stilwording voor God. Na die stilte, vra elke persoon om in een sin te deel wat hulle ervaar het of wat hulle dink dit beteken om by God te rus.

### Ons word bewus van God se stem.

**Lees 1 Konings 19:1-18**

- Wat staan vir jou uit? Watter vrae maak die teks by jou wakker?

Ná Elia se groot oorwinning oor die Baäl-profete op die berg Karmel, vlug hy vir sy lewe omdat koningin Isebel hom dreig. Hy is moedeloos, bang, en voel totaal alleen. In sy wanhoop wens hy om dood te gaan.

Maar God gee nie moed op met Elia nie. In plaas daarvan versorg Hy hom in die woestyn deur ‘n engel, gee hom kos en krag, sodat hy kan opstaan. Elia reis dan na Horeb, die berg van God. Daar ervaar Elia nie vir God in dramatiese natuurverskynsels nie, maar die Here verras hom in ’n stille fluistering. Letterlik kan dit vertaal word met ‘n “dun stem in die windstilte” – ‘n “anderse andersheid”. Die 2020 vertaling praat van ‘n “sagte gesuis”. Dit dui op God se onbegryplike, onmeetbare krag. Hy is die God vir wie ‘n mens nie woorde kan vind nie.

God vra twee keer vir Elia: “Wat maak jy hier?”, en Elia antwoord albei kere met sy gevoel van mislukking en eensaamheid. Maar God wys hom dat sy werk nog nie verby is nie – Elia het ’n nuwe roeping, hy moet teruggaan en God se plan uitvoer. Boonop is hy nie alleen nie: daar is nog 7000 ander wat getrou aan die Here is.

Vir Elia het alles verlore gelyk, maar vir God het dit soos ‘n nuwe begin gelyk – vir Sy profeet en vir Sy mense.

## Ons luister na mekaar.

Kom ons verryk mekaar deur saam te gesels en na mekaar te luister...

*Elia, die groot profeet, moes na die oorwinning op Karmel eers ophou praat, en luister. Hy ervaar die Here in die kos wat vir hom gereed staan, en Hy hoor die Here se stem op ‘n manier wat hy nie verwag het nie.*

- Dink terug oor jou lewe. Dink aan oomblikke toe jy vir God duidelik deur een van jou sintuie, of dalk op ‘n ander manier, ervaar het. Sulke oomblikke is so persoonlik, dat dit soms moeilik is om te beskryf. Vertel vir mekaar daarvan.

## Hoe leef ek oorwinnend in God se wêreld?

*Elia het gesê: “Nou is dit genoeg, Here”, en dan gaan lê hy onder die besembos en slaap. Die Here gee vir hom kans om te rus.*

- Gee jy jouself kans om soms te rus? Hoe rus jy? Waar rus jy?

*Die Here versorg vir Elia. Hy laat hom nie vir altyd daar lê nie. Die tweede keer toe die engel hom wakker skud met kos, sê die engel vir hom: “staan op en eet”. Elia word aangemoedig om die pad verder te loop, al is dit swaar.*

- Op watter maniere gee die Here vir jou wat jy nodig het sodat jy nie hoef te bly lê nie?

*Elia voel nutteloos. Hy het sy roeping verloor, en hy sê dit eerlik vir die Here – hy kla behoorlik.*

- Wat beteken dit vir jou dat jy eerlik met die Here kan wees oor dinge in jou lewe?

*Die Here los weereens nie vir Elia in sy swartgalligheid nie. Hy vra: "Wat maak jy hier?" Dan kry Elia 'n nuwe roeping – gaan soontoe! Elia het nog dinge om te doen, konings om te salf, en 'n opvolger om aan te wys*.

- Wat is die Here se roeping vir jou?



## God stuur my en daag my uit om die wêreld te belig.

*Elia moet besef dinge is nie altyd soos dit lyk nie. Hy kla dat hy alleen oorgebly het, maar so terloops sê die Here vir hom daar is nog 7000 ander wat vir God dien. Elia moes hulle gaan opsoek.*

- Ons wêreld kan mens alleen laat voel in jou roeping wat God vir jou gegee het. Deel met mekaar: Wie is die "7000" ander op jou pad?



## Ons bid saam

Ons het 9 Augustus Vrouedag gevier. Bid saam vir die vroue in ons land.